# Die Sierduif
# The Fancy Pigeon

*Julie 2019 / July 2019*



FOR THE LOVE AND CARE OF FANCY PIGEONS / VIR DIE LIEFDE EN VERSORGING VAN SIERDUIWE

OFFICIAL MOUTHPIECE OF SAFPA / AMPTELIKE MONDSTUK VAN DIE SASV

# Editors page / Redakteur se blad

## Indeks / Index


| | |
|---|---|
| Editors Page / Redakteur se blad | 2 |
| Editorial / Redaksioneel | 3 |
| New members from January 2019 - Robin Prince | 4 |
| Noord Kaap streekskou te Upington - Seppie Esterhuizen | 4 |
| Wes-Transvaal streekskou uitslae - Marleen Esterhuizen | 7 |
| Terugblik/ontstaan van Wes-Transvaal - Marleen Esterhuizen | 11 |
| Nuwe beoordelaars - Ds. Hennie Hattingh | 13 |
| Skaarsrasklub notule - Marleen Esterhuizen | 13 |
| Pieter Schmidt - Nico vd Westhuizen | 15 |
| Scoreboard and Rules | 16 |


## Birthdays

*V051 - Etienne Pienaar - 02-Aug*
*B078 - Jan Grobbelaar - 02-Aug*
*B046 - Jan Lombard - 05-Aug*
*W001 - Eben Bezuidenhout - 06-Aug*
*K007 - Renier Lee - 06-Aug*
*H022 - Ken Garrod - 08-Aug*
*D008 - Willem J van Vuuren - 08-Aug*
*H009 - Koot Serfontein - 10-Aug*
*C033 - Dirk Scholtz - 13-Aug*
*V031 - Chris vd Walt - 13-Aug*
*C013 - Awie Small - 13-Aug*
*C001 - Jan Labuschagné - 14-Aug*
*B039 - André Erasmus - 14-Aug*
*H042 - Ian Singleton - 16-Aug*
*K030 - Joseph Pienaar - 17-Aug*
*N019 - Graham Hartley - 19-Aug*
*W065 - Harry Munnik - 21-Aug*
*D041 - Daleen Esterhuyzen - 22-Aug*
*W014 - Hennie Huyser - 22-Aug*
*N004 - Christo Munnik - 23-Aug*
*B025 - Naas Dreyer - 23-Aug*
*C024 - Liam Werth - 23-Aug*
*B034 - Ettiene Oosthuizen - 28-Aug*
*V030 - Christo Britz - 28-Aug*
*D046 - LEM Haasbroek - 28-Aug*
*C043 - Luan Lubbe - 28-Aug*
*B033 - Benard van Zyl - 29-Aug*
*C011 - Jan Wilkens - 31-Aug*
*H033 - Klaas Smit - 31-Aug*
*B068 - Willie J v Rensburg - 31-Aug*

*Ill members*
*None*

*Deaths*


*None*


**Advertisement Costs**
**Businesses and non SAFPA members**
**Quarter page - R250**
**Half page - R450**
**Full page - R850**


**Banking details**
**Account Name SAFPA**
**Standard Bank Tyger Manor**
**Branch Code 05-04-10-41**
**Account Number 272 692 794**

**National Ringmaster**
**Available**
**Monday to Saturday**
**08:00 to 20:00**
**Sunday after 14:00**


Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800



## National Editor
## Christo Munnik

En so kom nog 'n era tot 'n einde. Ek het in 2005 in Pretoria by die SA's die leisels by Kobus Snyman, wat toe al vir 24 jaar die Nasionale Redakteur was, oorgeneem en die nuwe Nasionale Redakteur geword nadat ek vir vier jaar die Nasionale Beoordelaarsbeampte was. Ek het die werk van die Nasionale Beoordelaarsbeampte werklik geniet en was baie hartseer toe ek dit moes los.

Nou het ek weer die pos van Nasionale Redakteur gelos in 2019 en weer by die Pretoria SA's om weer die pos van Nasionale Beoordelaarsbeampte oor te vat. Gelukkig is Cora nou gekoöpteer in my plek as die Nasionale Redakteur so die Sierduif bly darem in my huis vir tyd en wyl. Ek sal ook seker maak dat Cora haar beskikbaar stel vir aanstaande jaar se nominasie deur streke op hulle verskeie Algemene Jaarvergaderings sodat sy darem genomineer word.

Ek klink nou seker besitlik maar die twee "jobs" lê albei baie na aan my hart en sal ek graag wil sien dat Cora sal voortgaan met die Sierduif tot sy dan nie meer wil nie.

Ek het al die jare wat ek die Sierduif gedoen het dit baie geniet om artikels van lede af te kry en lekker skoufotos wat ek kon plaas. Hierdie Sierduif uitgawe is my 102de boekie wat ek gedoen het eers in "A5" formaat wat gedruk is in 'n harde kopie en van Januarie 2019 af in "A4" formaat met 'n nuwe program ook nog.

Ek belowe egter vir al die lede dat met Cora aan die stuur die boekie dalk nog beter daar sal uitsien as toe ek dit gedoen het. Ek wil dan ook van die geleentheid gebruik maak om almal te bedank wat my weer in die ou/nuwe pos wat ek nou gaan doen aangestel het. Ek belowe om weer my beste te doen en ek sal poog om niemand teleur te stel nie.

Ek is nog steeds besig met die 75 jaar gedenkuitgawe en sal poog om dit te finaliseer na die einde van die jaar toe al het het toestemming gekry om dit klaar te hê teen die Januarie UK vergadering. Ek vra nou vir lede wat dalk nie e-pos adresse het nie om asb vir my lekker lag stories/ware verhale oor ons duiwesport te stuur sodat ek so 'n afdeling ook kan bysit. Dit kan enige gebeurtenis wees wat julle dink die manne en vroue van die vereniging sal geniet om te lees.

Ek wil regtig soos ek in die Algemene Jaarvergadering gesê het, die gedenkuitgawe iets besonders maak so enige iets wat enige lid het om in te stuur, asseblief doen so en help my om dit reg te kry. As julle ook beskik oor ou foto's van duiwe en lede soos groepfoto's, stuur hulle vir my dat ek kan sien of ek dit kan plaas. In hierdie uitgawe is daar 'n artikel wat Marleen Esterhuizen vir my gestuur het wat nog deur wyle oom Karel Reynecke van Klerksdorp geskryf is. Ek gaan die artikel ook weer in die gedenkuitgawe plaas maar dit is wat ek na soek.

Ek sal vir almal wat e-pos adresse het ook die versoeke weer stuur so reageer asseblief op my versoeke en help my om die gedenkuitgawe 'n sukses te maak.

Groete en dankie sovêr vir die lede wat my al gehelp het met artikels vir die bogenoemde uitgawe.

**Spesiale ringe is nog beskikbaar tot einde Augustus.**

**Die ringe is R100.00 per ring plus die posgeld. As meer as een lid in die selfde streek spesiale ringe wil koop en dit saam wil stuur is dit ook reg.**

**Die rede vir die verkoop van die ringe is dat daar te min op die SA'S verkoop is.**

**Lede moet asseblief die spesiale ring kompetisie ondersteun dit kan vir jou 'n klomp geld in die sak bring tydens die volgende SA's in Odendaalsrus.**

**Bestel die ringe direk van die Nasionale Ringmeester af.**

**Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003**

**National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229**



**Robin Prince**
**National Ringmaster**

## New members from January 2019

North-of-the-Vaal
SJ van Zyl B079
Jaco Fick B080
Pieter Smit B081
Tommy Laubscher B082
Hendri van Rensburg B083
Pieter van Vreden B084

Eastern Province
Cornel Gilmer K048
Quentin Oosthuysen K050
Gawie Rousseau K051

Namibia
Gary Sales S014

Western Cape
Raheel Moola H074
Clifhanger Lofts H075
Lukas Grundling H076
Natalie Neethling H077

KwaZulu-Natal
John Mowat N043
Cora Munnik N044

Easter Region
S B Buys C045

Western Transvaal
Johann Swart D047
Pieter Joubert D048



## Noordkaap streekskou te Upington

**Seppie Esterhuysen**

Ons 2de streekskou te Upington, klein, min duiwe en vertoners, maar die blootstelling is goed. Vergelyk ek ons getalle duiwe met ander skoue itv getal duiwe/ vertoner naamlik 23 dan kan ons nie kla nie. Die uitdaging bly om vertoners van ander skoue by ons te kry. Ons naaste bure is die Vrystaters. Hoe ons oor die hekkie gaan kom sal die tyd leer. Ek glo volgende jaar gaan al ons 12 lede man-en-muis daar wees, beloftes is alreeds gemaak!!!!! 'n Streek kan nie voortbestaan as sy lede nie sy skou kom ondersteun nie. Hierdie geleentheid is die hoogtepunt van enige streek.

Die goeie samewerking met die plaaslike Landbouskou is 'n riem onder die hart. 'n Gratis saal, stoele, afskortings en tafels, dit is nie te versmaai nie en dan natuurlik die baie mense wat ons skou die Vrydag en Saterdag kom besoek het, rofweg 400 plus besoekers!!!!! 'n Verdere voordeel is dat geen ete-reëlings nodig is nie, want daar is soveel kosstalletjies en eetplekke. Sonder borge kan 'n streek nie meer 'n skou aanbied nie, die inskrywingsgeld is net te min. Hier is ons gelukkig om elke jaar 'n paar borge te hê, nie net om die kostes te dek nie, maar ook om iets in die bank te kan wegsit. Diedie maak elke jaar vir ons 'n mooi houer met die heerlikste eet- en drinkgoed wat 'n mooi klompie geld inbring. Lootjies word verkoop en 'n trekking word gedoen. Die gelukkige wenner stap weg met geldwaarde van ongeveer R 450. Stalletjies word ook beoordeel tydens die skou deur 'n paneel. Ons was deel van Die Plaaswerf. Ons stap toe weg met die sertifikaat: Die Pronkerigste Stalletjie!!!!!!

Die skou uitslae was as volg:


**Jaco Fick - B080**
**Breed with:**
**Birmingham Roller, Oriental Roller, Felegyzahaer Tumbler, Frillback, Indian Fantail, English Fantail, English Trumpeter, Old German Owl, Blondinette, Barb, Old Dutch Tumbler, Runt, Carrier, Egyptian Swift, Norwich Cropper, Brunner, Maltese, Silician Swallow, Modena, Chinese Owl, Ice Pigeon Muffed, Archangel, Lahore, American Showracer.**
**Contact information:**
**Cell: 079 6761 6548**



Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800

## Die raswenners was as volg: (* Beste in ras)

| Ras | Beste Jong duif | Beste Ou duif | Beoordelaar |
|---|---|---|---|
| Norwich Cropper | Dawie vd Heever* | Dawie vd Heever | Rodney Stevens |
| Gross Mondain | Dawie vd Heever | Dawie vd Heever* | Rodney Stevens |
| German Beauty Homer | Visser Boerdery* | Visser Boerdery | Rodney Stevens |
| Schietti Modena | Seppie Esterhuysen | Seppie Esterhuysen* | Rodney Stevens |
| Gazzi Modena | Seppie Esterhuysen* | Seppie Esterhuysen | Rodney Stevens |
| Runt | André Bruwer* | Seppie Esterhuysen | Rodney Stevens |
| English Trumpeter | André Bruwer* | André Bruwer | Rodney Stevens |
| Indian Fantail | André Bruwer* | Geen | Rodney Stevens |
| Fantail | André Bruwer* | André Bruwer | Rodney Stevens |
| Helmet Medium Faced | André Bruwer | André Bruwer* | Rodney Stevens |
| Vienna L/F Tumbler | André Bruwer* | André Bruwer | Rodney Stevens |
| Working Homer | André Bruwer | André Bruwer* | Rodney Stevens |
| Frillback | André Bruwer | André Bruwer* | Rodney Stevens |
| Gorguero Pouter | Visser Boerdery* | Geen | Rodney Stevens |

## Top 8 Wenners

| | | |
|---|---|---|
| Kampioenduif: | Schietti Modena | Seppie Esterhuysen |
| 1 ste Reserwe: | Gross Mondain | Dawie vd Heever |
| 2 de Reserwe: | Working Homer | André Bruwer |
| 3 de Reserwe: | Runt | André Bruwer |
| 4 de Reserwe: | Fantail | André Bruwer |
| 5 de Reserwe: | German Beauty Homer | Elbie Visser |
| 6 de Reserwe: | Gazzi Modena | Seppie Esterhuysen |
| Beste Jaaroud: | Runt | André Bruwer |



Aan elke vertoner en elke lid wat 'n bydrae gelewer het, baie dankie, sonder julle kan 'n skou nie plaasvind nie – ek moet bieg, indien daar nie hulp van die lede is nie ..........................!!!!!!! Die SA's lê voor so ook die broeiseisoen, broei daai kampioene, wys hul foto's op ons whatsapp-groep, so bly ons in kontak met mekaar en raak nie afgestomp nie. Mooi loop manne en vroue!!!!!!





***Fotos van top sewe duiwe soos bo genoem***

Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

# Noord Kaap Streekskou 2019 fotos



Dawie vd Heever, Diedie Esterhuizen en André Bruwer besig met die duiwe



Seppie en Gloudina Esterhuizen met hulle sertifikaat



Die hoof Beoordelaar Rodney Stevens en sy vrou Marietha



Dawie vd Heever, Seppie Esterhuizen, André Bruwer en Elbie Visser










**GJ van Aswegen**
**Teel met Norwich Croppers en Working Homers**
**Kontak besonderhede:**
**Sel: 082 921 1747**
**e-mail: gjtlofts7@gmail.com**




Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800



## Wes-Transvaal Streekskou 06 Junie 2019 uitslae

Marleen Esterhuizen

| Region | Exhibitors | Entries |
|---|---|---|
| Noord Van Die Vaal | 6 | 141 |
| Noord Vrystaat | 8 | 171 |
| Oostelike Streek | 1 | 5 |
| Vrystaat | 1 | 17 |
| Wes Transvaal | 8 | 192 |
| **Total** | **24** | **526** |

### Wes-Transvaal vier hul 50ste bestaansjaar.

Na ‘n terugblik in tyd oor hoe Wes-Transvaal ontstaan het, is ons trots op die pad wat ons gestap het om vanjaar die 50ste herdenkingsjaar te vier. Dit was nie altyd maanskyn en rose nie, maar ons kyk ons uitdagings vierkantig in die oë en staan vir niks terug nie. Ons herdenkingskou het ‘n totaal van 526 inskrywings gekry met 10 junior rasse, 52 senior rasse wat deur 24 vertoners vertoon was. Dankie aan Chris de Bruin wat die Hoof-beoordeling van die dag gedoen het. Ook sê ons as streek dankie vir almal wat die onderskeie rasse beoordeel het. Hieronder volg die dag se uitslae: **Beste in ras word met asteriks aangedui**

| Breed | Best Old | Best Young | Judge |
|---|---|---|---|
| Brunner Pouter | Marleen Esterhuizen | GJT Lofts* | Chris de Bruin |
| Norwich Cropper | Plakkerskamp Boerdery | GJT Lofts* | Awie Esterhuizen |
| Holle Cropper | Estreux Boerdery | Estreux Boerdery* | Chris van der Walt |
| Pigmy Pouter | Geen | Marleen Esterhuizen* | Chris van der Walt |
| Voorburg Shield Cropper | Geen | Marleen Esterhuizen* | Chris van der Walt |
| Canaria Cropper | Plakkerskamp Boerdery | Plakkerskamp Boerdery* | Chris de Bruin |
| King | Danie Swart* | Hein Hoffman | Chris de Bruin |
| American Giant Runt | Chris de Bruin | Chris de Bruin* | Chris van der Walt |
| Mookee | Phillip Lee | Phillip Lee* | Chris de Bruin |
| Carrier | John Gerber | John Gerber* | Hennie Hattingh |
| Dragoon | Gert Venter* | Wesmar Boerdery | Hennie Hattingh |
| African Toy | Hein Hoffman | Hein Hoffman* | Gert Venter |
| Fantail | Geen | Herman Wessels* | Chris de Bruin |
| Modena - Schietti Marked | Danie Swart | Danie Swart* | Chris de Bruin |
| Modena - Gazzi Marked | Geen | Danie Swart | Chris de Bruin |
| Nun | Geen | Geen toekenning | Bertie Wessels |
| English C/L L/F Tumbler | Wesmar Boerdery | Wesmar Boerdery* | Chris van der Walt |
| Vienna Shortface Tumbler | Geen | Estreux Boerdery | Bertie Wessels |
| Vienna Longface Tumbler | Estreux Boerdery | Herman Wessels* | Bertie Wessels |
| Muff Vienna L/F Tumbler | Geen | Estreux Boerdery | Bertie Wessels |
| Komorner Tumbler | Herman Wessels* | Geen | Bertie Wessels |
| Polish Helmet | Geen | Estreux Boerdery* | Chris de Bruin |
| Oriental Roller | GJT Lofts* | Gert Venter | Chris de Bruin |
| Old German Owl | Danie Swart | Chris de Bruin* | Hennie Hattingh |
| African Owl | Geen | Geen toekenning | Bertie Wessels |
| Chinese Owl | GJT Lofts | GJT Lofts* | Awie Esterhuizen |
| Birmingham Roller | Jullian Fincham | Geen | Chris de Bruin |
| German Beauty Homer | Hein Hoffman | Hein Hoffman* | Chris van der Walt |
| Show Racer | Herman Wessels | Herman Wessels* | Chris van der Walt |
| Working Homer | GJT Lofts | GJT Lofts* | Chris de Bruin |
| American Giant Homer | Danie Swart | Danie Swart* | Chris van der Walt |
| Syrian Dewlap | Geen | Estreux Boerdery | Chris van der Walt |

Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

| | | | |
|---|---|---|---|
| American Show Racer | Gert Venter | Gert Venter* | Chris van der Walt |
| Polish Lynx | Hein Hoffman | Hein Hoffman* | Gert Venter |
| Lahore | Danie Swart | Danie Swart* | Awie Esterhuizen |
| Magpie | Estreux Boerdery | Estreux Boerdery* | Chris van der Walt |
| Thuringian Gold Beetle | Geen | Chris de Bruin | Chris van der Walt |
| Gimpel (w or wo Whitefl) | Wesmar Boerdery | Estreux Boerdery* | Chris van der Walt |
| Arabian Trumpeter | Estreux Boerdery | Estreux Boerdery* | Marleen Esterhuizen |
| Strasser | Chris de Bruin | Dèan Dreyer* | Gert Venter |
| Cauchois | Chris de Bruin* | John Gerber | Chris van der Walt |
| Old Dutch Capuchine | Hennie Hattingh | Hennie Hattingh* | Chris de Bruin |
| Damascene | Geen | Herman Wessels* | Awie Esterhuizen |
| Swallow: Fairy | Herman Wessels* | Geen | Bertie Wessels |
| Modeneser | Matt Willemse | Hennie Hattingh* | Chris de Bruin |
| Dutch Highflyer | Chris de Bruin* | Danie Swart | Hennie Hattingh |
| Stargard Shaker | Stefan Brill | Stefan Brill* | Chris de Bruin |
| Swiss Mondain | Chris de Bruin | Chris de Bruin* | Hennie Hattingh |
| Jacobin | Julian Fincham | Julian Fincham* | Chris van der Walt |
| Frillback | Julian Fincham | Julian Fincham* | Marleen Esterhuizen |
| Indian Fantail | Groengoud Landgoed | Groengoud Landgoed* | Chris van der Walt |
| Maltese | Geen | John Gerber* | Chris de Bruin |

## Junior Raswenners

| | | | |
|---|---|---|---|
| Voorburg Shield Cropper | Geen | Mari Wessels* | Chris van der Walt |
| Canaria Cropper | Geen | Danika du Preez* | Chris de Bruin |
| African Toy | Geen | Willem J van Vuuren* | Gert Venter |
| Muff Vienna L/F Tumbler | Dèan Dreyer | Dèan Dreyer* | Bertie Wessels |
| German Beauty Homer | Geen | Dèan Dreyer* | Chris van der Walt |
| Parlour Tumbler Double | Geen | Willem J van Vuuren* | Bertie Wessels |
| Arabian Trumpeter | Geen | Willem J van Vuuren* | Marleen Esterhuizen |
| American Show Racer | Geen | Danika du Preez* | Chris van der Walt |
| Modeneser | Willem J van Vuuren | Willem J van Vuuren* | Chris de Bruin |
| Maltese | Geen | Willem J van Vuuren | Chris de Bruin |

**Senior Top 8 Awards**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Show Champion | Brunner | 1717/18 | GJT Lofts |
| Reserve Champion | Shield Cropper | 1565/18 | Marleen Esterhuizen |
| 2nd Reserve Champion | Mookee | 2236/17 | Phillip Lee |
| 3rd Reserve Champion | American Show Racer | 1150/17 | Gert Venter |
| 4th Reserve Champion | Holle Cropper | 1057/13 | Estreux Boerdery |
| 5th Reserve Champion | Polish Lynx | 1489/16 | Hein Hoffman |
| 6th Reserve Champion | Oriental Roller | 650/15 | GJT Lofts |
| Best Young Bird | Brunner | 1717/18 | GJT Lofts |

**Junior Top 8 Awards**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Show Champion | Danika du Preez | 451/18 | American Show Racer |
| Reserve Champion | Dèan Dreyer | 204/19 | German Beauty Homer |
| 2nd Reserve Champion | Dèan Dreyer | 1955/15 | Muffe Vienna LF Tumbler |
| 3rd Reserve Champion | Mari Wessels | 136/18 | Shield Cropper |
| 4th Reserve Champion | Willem J van Vuuren | 5607/18 | Modeneser |
| 5th Reserve Champion | Willem J van Vuuren | 2234/18 | Maltese |
| 6th Reserve Champion | Danika du Preez | 5636/15 | Canaria Cropper |
| Best Young Bird | Danika du Preez | 451/18 | American Show Racer |



Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800

# Die vertoners omtvang hulle pryse tydens Wes-Transvaal Streekskou



Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

## Die saal waar geskou is en die manne beoordeel die duiwe














**MODENESERKLUB VAN S.A.**
**President: Jan Lombard - 083 274 1014**
**Sekretaris/Tesourier: Wim van Rensburg - 084 504 2928**

**DIE PERFEKTE RAS:**

**Top kwaliteit EuropeseBloedlyne (6x top-7 in 2 jaar), Elegansie, Vrugbaarheid, Kleurverskeid-enheid, Goeie Voerders, Invoerstrategie om Top Duiwe binne alle lede se bereik te plaas.**

**What do you get when you combine long legs, beauty, elegance and curves?**
**The perfect bird!**


***Liefde is maklik om weg te gee en is altyd beskikbaar.... en tog is dit die kosbaarste en grootste geskenk wat jy iemand kan bied. Liefde kom gratis van God. Want God is Liefde.***


**Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003**

**National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800**



## ‘n Terugblik op die ontstaan van Wes-Transvaal Streek soos ervaar deur wyle Karel Reyneke

**Ingestuur deur Marleen Esterhuizen**

Ek het in 1958 by die S.A.S.V aangesluit nadat Mnr. Warren Klopper my voorgestel en aanbeveel het. Destyds het ons nog saam met Hoenders en konyne geskou in Johannesburg. Die eerste skou het ek nog per bus na Johannesburg toe gegaan omdat ek nie ‘n motor gehad het nie. Ek het in 1960 ‘n vergadering te Klerksdorp by my huis gehou. Ons was net drie lede, Gerrie Visagie, Hoon Coetzee en ekself. Ek was gekies as voorsitter en Gerrie as sekretaris en Hoon was tesourier en trofeemeester. Ons het onself by die Landbougenootskap van Klerksdorp ingelyf.

Die Landbougenootskap het vir ons ‘n baie klein saaltjie sonder ‘n sementvloer en twee groot oop deure gegee. Daar het ons begin onder die naam Klerksdorp SierduifKlub. Daarna het sierduiwe ‘n groot aantrekking vir Klerksdorp geword. Ons het gereeld 3 maandeliks vergadering gehou en het sommer baie gou manne betrek soos oom DP van Zyl, nou reeds in die ouderdom van 74 jaar, en so ook oom Fred Kirstein ook reeds in sy sewentigs. ‘n Bietjie later Jan vd Heever en Piet Beytetell, albei reeds oorlede. Ons het so vinnig uitgebrei dat ons nie genoeg plek in die klein saaltjie gehad het nie en moes ons met die Landbougenootskap onderhandel vir ‘n groter saal. Ek was destyds betrokke met konstruksiewerk by myne in die omgewing en het heelwat ambagsmanne gehad. Die gevolg was dat ek heelwat werk vir Klerksdorp se Landbougenootskap moes doen in ruil vir die groter saal wat destyds die ou kroeg en ’n hele klomp klein kamertjies gehad het. Teen hierdie tyd was ons ‘n sterk klub en het onder andere manne soos oom LD Raath, reeds etlike jare al oorlede, en Hannes Raath as lede gehad het. Ons het ingeklim en al die kamertjies platgeslaan en sommer gou ‘n groot saal gehad maar sonder genoeg skouhokke. Vergaderings het gevolg en ons het geld ingesamel vir hokke wat ons deur Gert Bierman laat maak het.



**Wyle Karel Reyneke hou trots een van sy Runts vas om die vlerkspan te vertoon**



**Chris de Bruin**
**Teel met Cauchois, American Giant Runts, Strassers, Swiss Mondains & Gros Mondains.**
**Kontak besonderhede:**
**Tel: 012 8191594 (n/u), 012 4200181 (k/u), e-mail: chris.debruin@dcs.gov.za of tiaandebruin@hotmail.com**



Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229




**Wyle oom Karel Reynecke klein rukkie voor hy oorlede is**

Ek was in die posisie om geld voor te skiet vir die aankoop van genoeg hokke, Gert het hierdie hokke vir ons gemaak @ R1 per hokkie. Die klub het trofees en bekers gehad wat deur lede gewerf en geskenk is. Ons het met die inwyding van die saal, manne van oral gehad. Neels le Roux, Pottie Potgieter (oorlede), Manie Fourie, Alex Ravenscroft, Jan van Leeuwen en baie ander. Die Raath's het gesorg vir die musiek. Ons het op daardie Landbouskou oor die 1300 duiwe gehad. Ek dink dit was die rekord vir 'n Landbouskou. 'n Jaar of twee daarna het ons afgestig en die Wes-Transvaal streek gestig in 1969. Dit het baie goed gegaan en ons het in 1972 die S.A.S.V Kampioenskapskou aangebied. Ons was net drie lede wat moes organiseer vir die skou en dit was te veel werk vir ons manne. Jan vd Heever, Hannes Raath en ekself. As ek terug dink was dit tog die moeite werd, alhoewel van die S.A.S.V lede ons uitmekaar geskeur het. 'n Man wat vir Wes-Transvaal baie goeie moed ingepraat het daardie tyd was die S.A.S.V voorsitter, Warren Klopper. Ek dink hy kan van al hierdie dinge getuig. Terloops die grootste duiwedag wat ek nog ooit bygewoon het was destyds op sy plaas. Wes-Transvaal het reeds sy 21ste bestaans jaar gevier wat baie goed ondersteun was. Ek wil ook net noem dat ek saam met 5 voorsitters, of presidente soos hulle vandag bekend is, op die komitees van die Landbougenootskap gedien het. Ek wil dankie sê vir die jare saam elkeen.






**South African Blower Club**
**Suid-Afrikaanse Blaasduif Klub**
**Established *** 1988 *** Gestig**



**We promote the following Blower Breeds**
**Ons bevorder die volgende Blaasduif Rasse**

**Brunner Pouter,Norwich Cropper, Dutch Cropper, English Giant Pouter, Pomeranian Pouter, Holle Cropper, Pigmy Pouter, Reversewing Cropper, Ghent Cropper, Czech Ice Cropper, Voorburg Shield Cropper, Gorguero Pouter, Elster Cropper, Hana Pouter, Bavarian Pouter, Saxon Cropper, Marchenero Pouter, Lille Pouter, Canaria Cropper, Thuringian Cropper, Valenciana Pouter**

**For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak**
**President: Jan Labuschagné Cell: 083 491 2919**
**Sekretaris: Dirk Scholtz - Cell: 082 452 4229**

**President**
**Chris de Bruin**
**Tel: 012 819 1594 (na ure)**
**012 420 0181 (kantoor ure)**
**e-mail: chris.debruin@dcs.gov.za of tiaandebruin@hotmail.com**

Old German Owl Club · S.A.F.P.A Specialist Club ·

**Sekretaris**
**Peet Botha**
**Sel: 082 467 0996**
**e-mail: peetsandra@vodamail co.za**



### *Beoordelaars wat toetsing geslaag het Julie 2019 te Pretoria*

***Ingestuur deur Ds. Hennie Hattingh Beoordelaarsforum Sekretaris***

Die volgende lede van die SASV het met die SA's te Pretoria hul skriftelike en praktiese eksamen in die genoemde ras/se geslaag en word hiermee toegelaat om die betrokke ras/se te kan beoordeel:

**Awie Esterhuizen:** S.A. Botternek.

**Pieter Neethling:** Italian Owl, Strasser, Old Dutch Capuchine.

**Bertie Wessels:** American Giant Runt, Runt, Italian Owl, Old Dutch Capuchine.

**Gert Venter:** American Show Racer.

**Jan Labuschagné:** Chinese Owl, Voorburg Shield Cropper.

**Gerhard van Aswegen:** Pigmy Pouter, German Beauty Homer, Stargard Shaker, Maltese, Magpie.

### *Notule van die Skaarsrasklub Jaarvergadering gehou op die 27Junie 2019 tydens SA Kampioenskap skou te Pretoria*

***Ingestuur deur Marleen Esterhuizen***

**1. Opening**
President (Ds. Hennie Hattingh) open met gebed.

**2. Verwelkoming**
Ds. Hennie Hattingh verwelkom alle lede teenwoordig.

**3. Verskonings**
Verskoning word gemaak vir Elsabe vd Walt.

**4. Presensielys**
Die volgende lede is teenwoordig by die vergadering:

- At van Jaarsveld
- Chris de Bruin
- Ds. Hennie Hattingh
- Chris vd Walt
- Awie Esterhuizen
- Marleen Esterhuizen

**5. Lief en Leed**





Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800

Die vergadering word verwys na die lys soos per die AJV van die SASV.

**6. Goedkeuring van die vorige notule (2018)**
At van Jaarsveld lees die notule vir die vergadering voor en word op voorstel van Chris de Bruin en gesekondeer deur Chris vd Walt sonder wysiging goedgekeur.

**7. Punte uit vorige notule**
Geen

**8. Finansiële verslag**
Daar is tans R 804.85 in die bank by die SASV. Ledegeld word gehou op R 50.00. Kontant wat by die Nasionale Tesourier gebank is:

- R 350.00 ledegelde vir 2019/2020
- R 250.00 ledegelde vir 2018/2019
- R 250.00 onverklaarbare kontant ontvang saam met tas met dokumentasie van Robin Prince

**9. Prestige skou Noord/Suid**
Daar word besluit dat die Prestige skou van 2020 saam met die Nasionale Kampioenskappe aangebied sal word. 'n Skrywe in die verband sal aan die streek wat die Kampioenskappe aanbied gerig word dat alle Skaarsrasse bymekaar in een lokaal geplaas word.

**10. Nuusbrief**
Die sekretaris sal alle moontlike inligting bymekaar maak om vir die Sierduif boekie 'n nuusbrief van die klub te skryf vir publikasie.

**11. Beoordelaars SA's 2020**
Weens die baie rasse sal 'n lys later aan die Nasionale Beoordeellaarsbeampte gestuur word. Lede word ook uitgedaag om voor die volgende Kampioenskapskou vir ten minste 2 Skaarsrasse te toets as voornemende beoordeellaars en die uitdaging is aanvaar.

**12. 2019 Skaarsras Top toekennings**
**Kampioen duif:**
Old Dutch Capuchine van Ds Hennie Hattingh

**Reserwe Kampioen duif**:
Swiss Mondain van Chris de Bruin

**13. Trofee/baniere/balkies**
'n Voorraadlys sal opgestel word van al die balkies en trofees wat ons nog op hande het.

**14. Verkiesing van bestuur**

• **Vise-President:**
Chris vd Walt word weer verkies, baie geluk

• **Sekretaris/Tesourier:**
Marleen Esterhuizen word verkies, baie geluk

**15. Afsluiting**
Ds. Hennie Hattingh verklaar die vergadering as afgesluit en die lede verdaag.






**South African Rare Breeds Club**
**Suid-Afrikaanse Skaarsras Klub**
**Established *** 1988 *** Gestig**



**We endeavour to enhance the following rare breeds**
**Ons bevorder die volgende skaarsrasse**

**Arabian Trumpetter, Carneau, Cauchois, Crested Soultz, Damascene, Danish Saubian, Danzig High Flyer, Domestic Flying Flight, Domestic Show Flight, Dutch Capuchine, Dutch Highflyer, Fairy Swallow, Full Head Swallow, Maltese, Indian Fantail, Jacobin, Memeler Highflyer, Muffed Ice Pigeon, Cleanlegged Ice Pigeon, Nuremburg Lark, Ptarmigan, Silician Swallow, Skoorsteenveër, Starling, Stargard Shaker, Steinheimer Bagdad**

**For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak**
**President: Hennie Hattingh Tel: 034 995 1020 Cell: 082 923 3910**
**Sekretaris: At van Jaarsveld - Tel: 013 245 1700 of Cell: 082 368 1214**



Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800



## Pieter Schmidt

**Ingestuur deur Nico vd Westhuizen**

Soos jul teen hierdie tyd weet, het ons ook een van ons ou garde, oom Pieter Schmidt aan die einde van verlede jaar verloor aan die dood. Hy was gebore op 7 Mei 1931 en was dus 87 jaar oud by sy afsterwe.

Ek het oom Pieter in die middel tagtigs in Welkom ontmoet tydens Noord Vrystaat streekskoue. Hy was ‘n boer naby Bultfontein. Daar het hy met sy geliefde Holstein Friese geboer en tipies aan daardie wêreld  mielies ook geplant. Sy vrou, tannie Rina, was ‘n kranige tuinier en hulle het ‘n pragtige tuin ook daar op die plaas gehad. Oom Pieter en tannie Rina het 2 seuns en 2 dogters gehad. Al twee die dogters het na die buiteland verhuis maar die 2 seuns het in Suid Afrika gebly.

Saam met sy Waaiers het hy ook met hoenders geboer en geskou. Hy en sy seun Willie wat toe werksaam was by Gevangeniswese in Kroonstad het altyd saam geskou. In 1987 tydens die klubskou in Heilbron het hy my gevra of ek nie sy wit jong wyfie se stert sal vleg nie. Hy het altyd te vertelle gehad dat hy 10 duime het en nie sterte kan vleg nie. Toe ek die duif in die skou hokkie plaas het ek besef dat dit ‘n pragtige duif was. Onder die bekwame beoordeling van ene Brian Pogue, toe op sy eerste besoek aan Suid Afrika, het 8808 die skou daardie dag gewen. Oom Pieter was altyd baie trots op daardie duif en het altyd ‘n foto van haar beskikbaar gehad om mee te spog.

My verhouding met oom Pieter het ook later verander in dat ek ook ‘n paar Holsteins by hom op die plaas aangehou het. In daardie tyd het ek hom uit die aard van die saak baie meer  gesien. Dan het die kuiers altyd eers by die Waaiers begin en dan later by die beeste en die melkstal geeindig.

Toe oom Pieter in sy laat 70’s was het sy kinders hom oorreed om die plaas te verkoop en in die dorp af te tree. Hy het egter seker gemaak dat die plaas erf amper so groot as ‘n plaas in die dorp was. Weereens het tannie Rina daardie tuin omskep in ‘n lushof. Hy het toe ook nie meer Waaiers geteel nie.

Kort voor sy 80ste verjaarsdag het sy dogter, Irma, my gebel. Sy wou vir haar pa 2 paar Waaiers koop vir sy verjaarsdag want hy mis sy duiwe baie. Daar was egter nie ‘n manier dat ek ‘n duif aan my ou vriend sal verkoop nie. Op pad na die SA’s wat daardie jaar in Bloemfontein gehou is, het ek en Elma by oom Pieter en tannie Rina oornag en sy duiwe vir hom gebring. Hy het toe nog ‘n hele paar jaar met die Waaiers geboer en geskou. Tydens ons klubskou van verlede jaar, wat in Stilfontein gehou is, het Hannes de Klerk oom Pieter saam gebring na die skou toe. Dit was heerlik om weer saam met my ou vriend te skou en te kuier. Hulle kon ongelukkig nie tot die einde bly nie want die beoordeling het soos gewoonlik maar redelik laat aangehou en hy was bekommerd oor tannie Rina alleen by die huis.

Ons het later jare nie meer gereeld by mekaar uitgekom nie maar het gereeld met mekaar op die foon gepraat. Dan het hy my vertel van sy telings en hoe dit met die familie gaan.

My ou vriend, ek hoop daar Bo is daar ook ‘n paar wit Waaiers wat jou uit die kwaad uit kan hou. Rus in vrede, en baie dankie vir die wonderlike vriend wat jy was.



Webpage - www.fancypigeon.co.za  Cell: 083 626 6003

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

# Bankovs, Manie Fourie and Bertie Wessels Trophies/Trofees

Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003

**Rules**

1. The duration of the competitions will be from the 1st of July to the 30th of June.
2. An informative/factual article written and researched by a member will earn 300 points. An informative article from another source send in by a member will earn 150 points.
3. A letter from a member will receive 150 points.
4. Regional news will be awarded 200 points.
5. A match meeting report will earn 200 points.
6. A Regional, Young bird, Agricultural, District or Speciality Club show and the Championship show will earn 1 point per 1 bird, exhibited plus 200 points if areport is send with.
7. A good idea will earn 100 points.
8. A region which increases its membership as explained in 1 above will receive 100 points for every additional member.
9. For every R1 advert for The "Fancy Pigeon" a Region will receive 1 point towards the Bertie Wessels Trophy.

**NB Any member who obtain a R850 advert for the Magazine will earn free membership for the following year.**

## Important information

**Order from the National Ringmaster:**

**1. Book of Standards R200 each**

**2. SAFPA ties (Navy blue) R60 each**

**3. SAFPA Pocket badge (Navy blue) R35 each**

**4. SAFPA Area scroll (Navy blue) R30 each**

**5. SAFPA Honour scroll (Navy blue) R30 each**

**6. Metal Member & Judges scrolls R50 each**

**7. National pocket badges (Green) R40 each**

**8. National Honour scrolls (Green) R30 each**

**9. National Ties (Green) R120 each**

**All prices excludes Postage contact National Ringmaster Mr. Robin Prince for correct postage**

**Reëls**

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van die 1ste Julie tot die 30ste Junie.
2. 'n Leersame/feitelike artikel deur 'n lid self geskryf en nagevors verdien 300 punte. 'n leersame artikel vanaf 'n ander bron wat net deur 'n lid ingestuur is verdien 150 punte.
3. 'n Brief van 'n lid verdien 150 punte.
4. Streeknuus verdien 200 punte.
5. 'n Verslag oor 'n Duiwedag verdien 200 punte.
6. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Grasperk Spesialiteitsklubskou asook Kampioenskapskou sal 1 punt per duif vertoon ontvang plus 200 punte indien 'n verslag saamgestuur is.
7. 'n Goeie idee sal 100 punte ontvang.
8. 'n Streek wat sy ledetal verhoog soos in 1 hierbo uiteengesit sal 100 punte ontvang vir elke addisionele lid.
9. Advertensiegeld wat 'n streek/lid vir "Die Sierduif" insamel, sal 'n punt ontvang vir elke rand ingesamel ten opsigte van die Bertie Wessels trofee.

**NB 'n Lid wat 'n R850 advertensie vir Die Sierduif werf, sal vir die volgende jaar gratis lidmaatskap ontvang.**

## Score board

### Bank OFS Shield

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Western Transvaal: | 1076 |

### Manie Fourie Trophy

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Northern Cape: | 200 |
| 2. | Eastern Region: | 150 |
| 3. | Northern Freestate: | 150 |
| 4. | Eastern Province: | 150 |
| 5. | North-of-the-Vaal: | 0 |
| 6. | KwaZulu-Natal: | 0 |
| 7. | Freestate: | 0 |
| 8. | Western Cape: | 0 |
| 9. | SW Districts: | 0 |

**Om te weet hoe die punte vir die twee trofees toegeken word lees punte 1 tot 8 van die reëls boaan die kolom. Die streek met die meeste punte wen die BANKOVS skild en die tweede beste streek wen die Manie Fourie trofee./To know how the points are allocated for the two trophies read the rules from 1 to 8 in the column above. The best Region win the BankOFS Shield and the second best Region win the Manie Fourie trophy.**

### Bertie Wessels Trophy

**1.**

**Die Bertie Wessels Trofee se punte gaan slegs oor punt 9 van die reëls./The points for the Bertie Wessels Trophy is according to point 9 of the rules**

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800